




UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

STATUUT

van die

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



INHOUDSOPGAWE

<u>Paragraaf</u>	<u>Hoofstuk</u>	<u>Bladsy</u>
1: WOORDBEPALING		
1.	Woordbepaling	6
2: AMPSDRAERS		
2.	Kanselier	8
3.	Verkiesing van die kanselier	8
4.	Rektor	9
5.	Viserektore	10
6.	Vakatures	10
7.	Waarnemende rektor en viserektor	10
8.	Registrateur	11
3: BESTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT		
9.	Die Rektor se Bestuurspan (RBS)	12
10.	Algemene Bestuurdersvergadering (ABV)	12
4: DIE RAAD		
11.	Funksies	13
12.	Samestelling	14
13.	Ampstermyn	15
14.	Vakatures deur tydsverloop	16
15.	Verkiesing deur donateurs	16
16.	Donateurs	17
17.	Uitvoerende Komitee van die Raad	17
18.	Verlies van lidmaatskap en onbevoegdheid om as lid verkies te word	18

19.	Toevallige vakature	19
20.	Voorsitter en ondervoorsitter van die Raad	20
21.	Toevallige vakature voorsitter of ondervoorsitter	20
22.	Vakature deur tydsverloop	20
23.	Verkiesing van lede van die Senaat	20
24.	Gewone vergaderings	20
25.	Buitengewone vergaderings	21
26.	Voorsitter op vergaderings	21
27.	Belange van lede	21
28.	Kworum en prosedure	21

5: DIE SENAAT

29.	Bevoegdhede en pligte	24
30.	Samestelling	25
31.	Verkiesing van lede van die Raad	26
32.	Vakatures deur tydsverloop	27
33.	Toevallige vakature	27
34.	Voorsitter van die Senaat	27
35.	Gewone vergaderings	27
36.	Buitengewone vergaderings	27
37.	Afwesigheid van die voorsitter	28
38.	Kworum en prosedure	28
39.	Fakulteitsrade	29
40.	Pligte van fakulteitsrade	30
41.	Vergaderings van fakulteitsrade	30
42.	Kworum en prosedure	31

6: DIE INSTITUSIONELE FORUM (IF)

43.	Funksies en bevoegdhede	32
44.	Samestelling	32
45.	Uitvoerende Komitee	34
46.	Ampstermyn	34
47.	Voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris	34

7: DIE STUDENTERAAD (SR)

48.	Funksies en bevoegdhede	35
49.	Samestelling en verkiesing	35
50.	Ampstermyn	35
51.	Voorregte	36

8: DIE KONVOKASIE

52.	Die Konvokasie van die Universiteit	37
53.	Ledelys van die Konvokasie	37
54.	Verkiesing, ampstermyn en funksies van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie	38
55.	Voorsitter op vergaderings	39
56.	Vergaderings	39
57.	Kennisgewings van vergaderings	39
58.	Kworum en prosedure	39
59.	Verkiesing deur die Konvokasie	40
60.	Voorlegging van besluite of aanbevelings aan die Raad en die Senaat	41

9: EREGRADE

61.	Voorstelle vir toekenning van eregrade	42
62.	Stemming oor eregrade	42
63.	Prosedure	42

10: VEREISTES VIR EN TOEKENNING VAN GRADE

64.	Erkenning van bywoning en eksamens in ander fakulteit e	43
65.	Kongregasies vir toekenning van grade	43
66.	Voorsitter van kongregasie	43
67.	Datum en plek van kongregasie	43
68.	Toekenning van grade	44

11: STUDENTEDISSCIPLINE

69.	Oortredings en strawwe	45
-----	------------------------	----

12: ALGEMEEN

70.	Setel van die Universiteit	46
71.	Herroeping van die vorige Statuut	46
72.	Interpretasie van die Statuut	46
73.	Wysiging van die Statuut	46
74.	Oorgangsbepalings	47

STATUUT

van die

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

HOOFSTUK 1

WOORDBEPALING

1. In hierdie Statuut, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

“**ABR**” die Akademiese Belangeraad deur die SR daargestel om akademiese aangeleenthede namens studente te bevorder;

“**ABV**” die Algemene Bestuurdersvergadering van die Universiteit;

“**bestuur**” die lede van die Rektor se Bestuurspan;

“**erkende vakbond**” enige verteenwoordigende vakbond wat as sulks geregistreer en deur die Universiteit erken is;

“**funksie**” ook bevoegdhede en pligte;

“**IF**” die Institusionele Forum van die Universiteit soos bepaal deur artikel 31 van die Wet;

“**lektor**” ook senior lektor en junior lektor;

“**Primkomitee**” die komitee van hoofstudente van die onderskeie koshuise van die Universiteit;

“**rektor**” die rektor en visekanselier van die Universiteit;

“**Reëls**” die reëls en regulasies deur die Universiteit uitgevaardig ingevolge artikel 32 van die Wet, met inbegrip van al die reglemente en beleidsdokumente van die Universiteit;

“**SR**” die Studenteraad van die Universiteit;

“**stem**” in die geval van ’n skriftelike stemming, die inlewering van ’n voltooide stembrief deur ’n stemgeregtigde in eie persoon;

“**Studente-unie**” die kollektiwiteit van persone wat as studente aan die universiteit geregistreer is;

“**Universiteit**” die Universiteit Stellenbosch;

“**Verenigingsraad**” die liggaam wat ingevolge die Grondwet van die Studente-unie die belange van alle erkende verenigings en hul lede verteenwoordig en

“**Wet**” die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet 101 van 1997), soos gewysig.

HOOFSTUK 2

AMPSDRAERS

Kanselier

2. (1) Die kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en ken alle grade in die naam van die Universiteit toe.
- (2) In die afwesigheid van die kanselier word die grade deur die rektor of een van die viserektore toegeken.
- (3) Die kanselier beklee sy of haar amp vir 'n termyn van vyf jaar, en is herkiesbaar vir een verdere termyn van vyf jaar.

Verkiesing van die kanselier

3. (1) Die kanselier van die Universiteit word deur 'n kieskollege bestaande uit die lede van die Raad, die lede van die Uitvoerende Komitee van die Senaat en die president en die vise-president van die Konvokasie verkies.
- (2) Wanneer die Universiteit 'n kanselier moet verkies, plaas die registrateur in die media waarop hy of sy besluit kennisgewings wat die datum van die verkiesing vermeld en waarin lede van die Konvokasie gevra word om geskikte kandidate teen 'n sperdatum te nomineer.
- (3) Nominasies moet skriftelik wees en moet minstens drie weke voor die verkiesingsdatum by die registrateur ingelewer word.
- (4) Elke nominasie moet deur minstens 20 lede van die Konvokasie onderteken wees, en vergesel word van 'n ondertekende verklaring deur die genomineerde persoon waarin hy of sy die nominasie aanvaar.

- (5) Die nominasie of nominasies word deur die registrateur aan die kieskollege bedoel in subparagraaf (1) voorgelê vir aanwysing.
- (6) Die rektor is voorsitter op 'n vergadering van die kieskollege, maar indien hy of sy afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere iemand om op die betrokke vergadering voor te sit.
- (7) Die helfte van die lede van die kieskollege maak 'n kworum uit.
- (8) Stemming geskied deur middel van geslote stembriewe.
- (9) Al is slegs een nominasie ontvang, word 'n persoon nie tot kanselier verkies nie tensy 'n meerderheid van die lede van die kieskollege wat aanwesig is en stem ten gunste van die genomineerde persoon stem.

Rektor

4. (1) Die rektor is die visekanselier van die Universiteit en word deur die Raad na oorleg met die Senaat en die IF, ingevolge die prosedures voorgeskryf deur die Reëls, aangestel.
- (2) Die rektor beklee sy of haar amp vir die termyn wat die Raad by die aanstelling van sodanige persoon bepaal, en sy of haar voorregte, funksies en diensvoorwaardes word ingevolge die voorskrifte van die Wet deur die Raad bepaal.
- (3) Die rektor kan na goeddunke, maar ingevolge artikel 68(3) van die Wet, sy of haar statutêre funksies en magte en funksies en magte wat aan hom of haar gedelegeer is ingevolge die Wet aan die viserektore of ander funksionarisse tot op die vlak van departementele voorsitters en omgewingshoofde toewys.
- (4) Die rektor is die hoof-uitvoerende beampte van die Universiteit en is in daardie hoedanigheid lid van elke komitee van die Raad en die Senaat.

Viserektore

5. (1) 'n Viserektor word deur die Raad, na oorleg met die Senaat en die IF, aangestel ingevolge die prosedures voorgeskryf deur die Reëls, met dien verstande dat die Raad die Senaat en die IF oor die algemene aard van die beoogde funksies van die betrokke viserektor moet inlig.
- (2) 'n Viserektor beklee sy of haar amp vir die tydperk wat die Raad by die aanstelling van sodanige persoon bepaal en sy of haar bevoegdhede voorregte, funksies, pligte en diensvoorwaardes word deur die Raad bepaal.

Vakatures

6. Wanneer die amp van rektor of van 'n viserektor vakant raak, word 'n opvolger deur die Raad ingevolge paragraaf 4 of 5, na gelang van die geval, aangestel.

Waarnemende rektor en viserektor

7. (1) Die voorsitter van die Raad kan 'n waarnemende rektor aanwys wanneer daar 'n vakature is of wanneer die rektor tydelik afwesig is, met dien verstande dat waar so 'n aanstelling vir 'n langer tydperk as drie maande is, die aanstelling na oorleg met die Raad, die Senaat en die IF gedoen moet word.
- (2) 'n Waarnemende rektor kan al die bevoegdhede, funksies en pligte van die rektor uitoefen en verrig.
- (3) In die geval van die tydelike afwesigheid van 'n viserektor wys die rektor 'n waarnemer aan. Waar die amp van 'n viserektor vakant is, wys die rektor 'n waarnemer aan en doen daarvoor verslag aan die Menslike Hulpbronnekomitee van die raad, met dien verstande dat waar so 'n

aanstelling vir 'n langer tydperk as drie maande is, dit na oorlegpleging met die Menslike Hulpbronnekomitee van die raad gedoen word.

Registrateur

8. Die registrateur is verantwoordelik vir die akademiese administrasie van die Universiteit.

HOOFSTUK 3

BESTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT

Die Rektor se Bestuurspan (RBS)

9. Die daaglikse bestuur van die Universiteit is die verantwoordelikheid van die Rektor se Bestuurspan, bestaande uit die rektor, die viserektore, die persoon aan wie die hoofverantwoordelikheid vir die finansiële bestuur van die Universiteit opgedra is (indien hy of sy nie 'n viserektor is nie), en dié persone wat deur die rektor benoem is en deur die Raad goedgekeur is.

Algemene Bestuurdersvergadering (ABV)

10. (1) Die ABV van die Universiteit bestaan uit die Rektor se Bestuurspan, die registrateur, dekanes en daardie hoofde wat deur die rektor benoem word.
- (2) Die ABV bespreek algemene bestuursaangeleenthede in die verskillende akademiese en administratiewe omgewings.
- (3) Advies van die ABV kan deur die rektor en sy of haar Bestuurspan gebruik word in die daaglikse bestuur van die Universiteit, en kan deur die bestaande interne kanale verder gevoer word waar nodig.

HOOFSTUK 4

DIE RAAD

Funksies

11. (1) Die Raad beheer die Universiteit onderworpe aan die Wet, enige ander wetgewing en die Statuut, en dra 'n algemene oorsigtelike verantwoordelikheid ten opsigte van akademiese en bedryfsaangeleenthede en institusionele beleid en strategie.
- (2) Sonder om af te doen aan die algemene strekking van subparagraaf (1)
- (i) beheer die Raad die bates van die Universiteit;
 - (ii) is die Raad ingevolge artikel 34 van die Wet verantwoordelik vir die aanstelling en diensvoorwaardes van personeel, met dien verstande dat die aanstelling van akademiese personeel na oorleg met die Senaat geskied;
 - (iii) bepaal die Raad, na oorleg met die Senaat, die toelatingsbeleid ingevolge artikel 37(1) tot (2) van die Wet; en
 - (iv) bepaal die Raad, met die instemming van die Senaat, 'n taalbeleid ingevolge die voorskrifte van artikel 27(2) van die Wet.
- (3) Die Raad kan komitees van die Raad instel wat uit lede van die Raad of uit sowel lede van die Raad as ander persone bestaan, en kan die lidmaatskap van enige persoon wat tot so 'n komitee benoem is, beëindig.
- (4) Behoudens die bepalings van artikel 68(2) van die Wet kan die Raad enige van sy bevoegdhede of funksies opdra aan 'n komitee soos bedoel in subparagraaf (3) of aan enige amptenare van die Universiteit, met dien verstande dat die Raad nie ontdoen word van 'n bevoegdheid of funksie aldus opgedra nie, en dat behoudens die bepalings van paragraaf 17(2)(iii) en (iv), 'n besluit van so 'n komitee of amptenaar te eniger tyd deur die Raad gewysig of tersyde gestel kan word.

Samestelling

12. (1) Die Raad bestaan uit -
- (a) die rektor;
 - (b) die viserektore tot 'n maksimum van drie asook die persoon aan wie die hoofverantwoordelikheid vir die finansiële bestuur van die Universiteit opgedra is;
 - (c) drie lede deur die Senaat uit eie geledere verkies;
 - (d) een lid uit eie geledere verkies deur die permanente akademiese personeel wat nie Senaatslede is nie;
 - (e) een lid uit eie geledere verkies deur die permanente nie-akademiese personeel;
 - (f) twee studente deur die SR verkies;
 - (g) een lid deur die IF verkies vanuit lede aangewys ingevolge paragraaf 44 (2)(iv)(b);
 - (h) drie persone deur die Minister van Hoër Onderwys aangewys;
 - (i) ses persone deur die Konvokasie van die Universiteit verkies;
 - (j) een persoon deur die Raad van die Munisipaliteit van Stellenbosch aangewys;
 - (k) een persoon deur die premier van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering aangewys;
 - (l) drie persone deur die donateurs aangewys; en
 - (m) drie persone aangewys deur die Raad ingevolge die voorskrifte van subparagraaf 12(3).
- (2) Lede aangedui in subparagraaf 12(1)(g) tot (m) moet persone wees wat nie in diens is van, of studente is aan die Universiteit nie en geen lid van die Raad mag 'n lid wees van die raad van 'n ander nasionale openbare inrigting vir hoër onderwys of in 'n uitvoerende bestuurshoedanigheid in diens wees van so 'n inrigting nie.

- (3) Met die oog op subparagraaf 12(1)(m) en die kundigheidsbehoefte van die Raad, verkies die Raad drie lede uit 'n lys van ses wat voorgelê word deur 'n nominasiekomitee deur die Raad aangewys.
- (4) By die samestelling van die Raad moet ras- en geslagsverteenvoordingheid in ag geneem word.
- (5) Raadslede moet persone met ervaring en kundigheid relevant tot die oogmerke en aktiwiteite van die Universiteit wees en tree in belang van die Universiteit en ooreenkomstig die Gedragskode vir Raadslede op.
- (6) Die Raad is verantwoordelik vir die gereelde evaluering van sy komitees asook die Raad as geheel.
- (7) Geen tydelike vakature op die Raad raak die Raad se vermoë om sy funksies en verantwoordelikhede ingevolge die Wet en hierdie Statuut na te kom nie, met dien verstande dat besluite van die Raad in alle gevalle geneem moet word ooreenkomstig paragraaf 28(1) van hierdie Statuut.

Ampstermyn

- 13.** (1) Die rektor en viserektore bly lede van die Raad vir solank hulle hul poste beklee.
- (2) Die studenteledes bly lede van die Raad vir 'n termyn van een jaar, met dien verstande dat lidmaatskap outomaties verval as 'n studentelid nie meer 'n geregistreerde student is nie.
- (3) Verteenvoordigers van die Senaat, die permanente akademiese personeel en permanente nie-akademiese personeel word vir 'n termyn van twee jaar verkies.

- (4) Die verteenwoordiger van die IF word vir 'n termyn gelykstaande aan sy of haar termyn op die IF verkies en wel tot aan die einde van daardie kalenderjaar.
- (5) Alle ander lede beklee hul ampte vir 'n termyn van vier jaar.
- (6) Lede is herkiesbaar.

Vakatures deur tydsverloop

14. Minstens twee maande voor die verstryking van die ampstermyn van 'n lid stel die sekretaris van die Raad die betrokke ampsbekleër, owerheid, kieskollege of instelling wat daarop geregtig is om 'n lid of lede vir die betrokke kategorie aan te wys skriftelik van die geleentheid om 'n lid of lede aan te wys in kennis, met dien verstande dat kennisgewing van minstens 'n maand voldoende is in die geval van lede wat deur die Senaat verkies word.

Verkiesing deur donateurs

15.
 - (1) Wanneer donateurs uit eie geledere 'n lid van die Raad moet verkies, plaas die registrateur in die media waarop hy of sy besluit minstens vyf weke voor die aanvang van die stemming kennisgewings waarin nominasies gevra word.
 - (2) Alle nominasies moet skriftelik wees en moet minstens drie weke voor die aanvang van die stemming by die registrateur ingelewer word.
 - (3) Elke nominasie moet deur vyf lede van die kieskollege van donateurs onderteken wees en moet die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onder sy of haar handtekening bevat.
 - (4) Indien die getal genomineerde persone meer is as die getal wat verkies moet word, word 'n verkiesing gehou, met die veranderinge deur die konteks

vereis, op die wyse wat in hoofstuk 8 vir verkiesings deur die Konvokasie voorgeskryf word.

Donateurs

- 16.** Behoudens persone wat by die inwerkingtreding van hierdie Statuut 'n lid van die kieskollege van donateurs is, word 'n persoon of instelling 'n lid van die kieskollege van donateurs vir die tydperk deur die Raad bepaal wanneer hy of sy of die instelling 'n donasie of donasies van 'n bedrag wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word tot die fondse van die Universiteit gemaak het. Die rektor van die Universiteit moet vir hierdie doel 'n lys van donateurs en donasies gemaak byhou, sowel as van die naam van 'n natuurlike persoon wat 'n instelling wat 'n donasie of donasies gemaak het tydens 'n verkiesing sal verteenwoordig.

Uitvoerende Komitee van die Raad

- 17.** (1) Die Raad benoem tweejaarliks 'n uitvoerende komitee wat soos volg saamgestel is:
- (a) Die voorsitter van die Raad, wat ook as voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Raad optree
 - (b) Die ondervoorsitter van die Raad, wat ook as ondervoorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Raad optree
 - (c) Die rektor
 - (d) Vier lede van die Raad, van wie minstens twee nie in diens van die Universiteit of studente van die Universiteit is nie.
- (2) Die Uitvoerende Komitee van die Raad het die volgende spesifieke bevoegdhede:
- (i) Om die Raad oor beleidsake te adviseer;

- (ii) Om die verslae van alle komitees van die Raad, behalwe dié van die Eregradekomitee, te oorweeg en aanbevelings daaroor aan die Raad voor te lê;
- (iii) Om dringende sake wat nie uitgestel kan word nie namens die Raad af te handel, met dien verstande dat besonderhede oor aldus afgehandelde sake en die gronde waarom dit dringend afgehandel is op die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word en
- (iv) Om, waar die Raad 'n algemene of besondere bevoegdheid aan die Uitvoerende Komitee van die Raad verleen om sake namens die Raad af te handel, sodanige bevoegdheid uit te oefen en op die eersvolgende Raadsvergadering by wyse van mededeling daaroor verslag te doen met die oog op die kennisname daarvan deur die Raad. Die registrateur teken alle besluite aangaande 'n delegasie van bevoegdhede aan en elke verlening daarvan word tweejaarliks deur die Raad heroorweeg.

Verlies van lidmaatskap en onbevoegdheid om as lid verkies te word

- 18.** (1) Die lidmaatskap van 'n lid van die Raad word beëindig indien die lid -
- (a) sonder voorafgaande kennisgewing van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die Raad afwesig is;
 - (b) insolvent raak, of aan 'n misdryf skuldig bevind word wat volgens die oordeel van die Raad van 'n ernstige aard is;
 - (c) om gesondheidsredes onbekwaam word om die pligte van sy of haar amp na te kom;
 - (d) deur die Senaat verkies is en ophou om lid van die Senaat te wees;
 - (e) sy of haar bedanking skriftelik by die registrateur indien;
 - (f) synde 'n rektor of 'n viserektor, sy of haar pos ontruim;
 - (g) se ampstermyn tot 'n einde kom;

- (h) ingevolge paragraaf 12(1) (g) tot (m) aangewys is, en inskryf as student of 'n personeellid van die Universiteit word; of
 - (i) 'n lid word van die raad van 'n ander nasionale openbare inrigting vir hoër onderwys of in 'n uitvoerende bestuurshoedanigheid aan so 'n inrigting aangestel word.
- (2) Niemand wat die ouderdom van 70 jaar bereik het, mag as lid van die Raad verkies of benoem word nie.
- (3) Nieteenstaande subparagraaf (2) sal 'n dienende Raadslid wat die ouderdom van 70 jaar bereik, se lidmaatskap van die Raad slegs eindig aan die einde van die betrokke termyn waarin die Raadslid die ouderdom van 70 jaar bereik het, en sal sodanige persoon daarna nie weer as Raadslid herkiesbaar wees nie.
- (4) Die lidmaatskap van 'n Raadslid wat, ná behoorlike ondersoek deur en op aanbeveling van 'n komitee van die Raad, deur die Raad skuldig bevind word aan 'n oortreding van die Gedragskode vir Raadslede, kan tydelik opgeskort of, in die geval van 'n ernstige oortreding, beëindig word.

Toevallige vakature

- 19.** Indien 'n lid sterf of bedank, of sy of haar amp om enige ander rede as dié van tydsverloop ontruim, stel die registrateur die betrokke ampsbeker, owerheid, kieskollege of instelling wat daarop geregtig is om 'n lid vir die betrokke kategorie van Raadslede aan te wys, skriftelik van die vakature in kennis met die versoek dat die betrokke ampsbeker, owerheid, kieskollege of instelling onverwyld daartoe sal oorgaan om vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van bedoelde lid 'n opvolger aan te stel of te verkies, met dien verstande dat in geval van sodanige vakature ten opsigte van lede ingevolge paragraaf 12(1)(i) en (l) verkies wat ontstaan hoogstens een jaar voor die ampstermyn sou verstryk het, die Raad 'n plaasvervanger kan aanstel uit 'n lys van minstens twee kandidate wat deur 'n nominasiekomitee van die Raad voorgelê word.

Voorsitter en ondervoorsitter van die Raad

- 20.** Die Raad verkies deur middel van geslote stembriewe 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter uit eie geledere op 'n gewone vergadering, met dien verstande dat 'n personeellid of student van die Universiteit nie as voorsitter of ondervoorsitter verkies mag word nie.

Toevallige vakature voorsitter of ondervoorsitter

- 21.** Indien die amp van voorsitter of ondervoorsitter van die Raad om enige rede voor die verstryking van die ampstermyn vakant raak, verkies die Raad op sy eersvolgende vergadering 'n opvolger ingevolge paragraaf 20 vir die oorblywende gedeelte van die termyn.

Vakature deur tydsverloop

- 22.** Wanneer die amp van voorsitter of ondervoorsitter van die Raad deur tydsverloop vakant staan te word, kies die Raad, ingevolge paragraaf 20, 'n opvolger op sy gewone vergadering wat die datum van verstryking van die ampstermyn van die uittredende voorsitter of ondervoorsitter van die Raad onmiddellik voorafgaan.

Verkiesing van lede van die Senaat

- 23.** Al om die ander jaar verkies die Raad op 'n gewone vergadering twee van sy lede om vir 'n termyn van twee jaar vanaf die eerste dag van die daaropvolgende jaar as lede van die Senaat te dien.

Gewone vergaderings

- 24.** Daar moet in elke semester minstens twee gewone vergaderings van die Raad gehou word op die datums deur die Raad bepaal.

Buitengewone vergaderings

- 25.** (1) Die voorsitter van die Raad kan te eniger tyd uit eie beweging 'n buitengewone vergadering van die Raad belê, en op die skriftelike versoek van minstens sewe lede van die Raad moet hy of sy so 'n vergadering belê.
- (2) Die doel van die vergadering moet in die versoek gemeld word en geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, word op die vergadering bespreek nie.

Voorsitter op vergaderings

- 26.** Indien die voorsitter van die Raad nie op 'n vergadering van die Raad aanwesig is nie, tree die ondervoorsitter van die Raad as voorsitter op, en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

Belange van lede

- 27.** 'n Lid van die Raad neem nie deel aan die bespreking of stem nie oor 'n saak nie waarin hy of sy 'n regstreekse geldelike of ander ekonomiese of persoonlike belang het, tensy hy of sy eers die aard en omvang daarvan bekend maak en verlof van die vergadering ontvang om aan die bespreking deel te neem of te stem, met dien verstande dat sodanige lid skriftelik 'n algemene verklaring van 'n bepaalde belang aan die ander lede kan gee, maar dat sodanige verklaring slegs tot die einde van die toepaslike kalenderjaar van krag bly, tensy dit skriftelik hernieu word.

Kworum en prosedure

- 28.** (1) Vyftien lede wat fisies teenwoordig is stel 'n kworum daar, met dien verstande dat afwesige lede deur elektroniese middele aan 'n vergadering mag deelneem en stem.
- (2) Minstens ses dae voor die datum wat vir 'n gewone vergadering bepaal is, en minstens drie dae voor die datum van 'n buitengewone vergadering, stel die registrateur elke lid skriftelik in kennis van die tyd en plek waarop so 'n vergadering gehou word en van alle sake wat aan die vergadering voorgelê word, met dien verstande dat, tensy die Raad anders besluit, die tydperk van kennisgewing van die sake wat aan die vergadering voorgelê sal word, korter kan wees.
- (3) Kennisgewing van onderwerpe vir bespreking moet skriftelik geskied en moet minstens ses dae voor die dag waarop hy of sy kennis van die vergadering moet gee by die registrateur ingedien word, met dien verstande dat, met die toestemming van 'n meerderheid van die aanwesige lede, sake van 'n dringende aard op enige gewone vergadering sonder voorafgaande kennisgewing bespreek kan word.
- (4) Elke gewone vergadering begin, nadat dit gekonstitueer is, met die oorweging en die goedkeuring deur die voorsitter se handtekening van die notule van die laaste voorafgaande gewone vergadering en die notule van enige buitengewone vergadering wat daarná gehou is.
- (5) Alle besware teen die vorm waarin en die wyse waarop die notule gehou is, word voor sodanige bekragtiging geopper en afgehandel.
- (6) Die vergadering kan die notule as gelees beskou indien 'n afskrif daarvan vooraf aan elke lid gestuur is.
- (7) Die voorsitter kan gelas dat enige punt op die agenda in komitee bespreek word.

- (8) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Statuut, word alle sake beslis met 'n meerderheidstemme van die lede wat aanwesig is en stem.
- (9) Die voorsitter kan oor elke saak stem, en in die geval van 'n staking van stemme, kan die saak met die beslissende stem van die voorsitter afgehandel word, met dien verstande dat in die geval van 'n staking van stemme die voorsitter kan besluit dat daar weer oor die saak gestem moet word of dat die saak moet oorstaan.
- (10) Die getal lede wat vir of teen enige voorstel stem, word in die notule aangeteken indien die vergadering aldus besluit.
- (11) Op versoek van 'n lid gelas die voorsitter dat die stem van dié lid vir of teen enige voorstel aangeteken word.
- (12) Elke voorstel of voorgestelde amendement daarop moet gesekondeer word en moet, indien die voorsitter dit gelas, skriftelik wees.
- (13) Geen voorstel mag sonder die toestemming van die vergadering teruggetrek word nie.
- (14) Die beslissing van die voorsitter oor enige punt van orde of prosedure is bindend, tensy 'n lid onmiddellik daarteen beswaar maak, in welke geval dit sonder bespreking aan die vergadering voorgelê word, wie se beslissing finaal is.

HOOFSTUK 5

DIE SENAAT

Bevoegdhede en pligte

- 29.** Behoudens die bepalings van die Wet of enige ander wet en benewens alle ander bevoegdhede en pligte daarin of in hierdie Statuut voorgeskryf -
- (a) bepaal die Senaat, onderworpe aan die goedkeuring van die Raad, die voorwaardes vir die verwerwing van grade, diplomas of sertifikate, en besluit hy welke persone aan genoemde voorwaardes voldoen het;
 - (b) deel die Senaat aan die Raad die name mee van die persone wat voldoen het aan die voorwaardes soos bepaal in subparagraaf (a);
 - (c) hou die Senaat toesig oor en oefen beheer uit oor alle eksamens wat deur die Universiteit afgeneem word, ingevolge die bepalings wat vir dié doel deur die Senaat voorgeskryf en deur die Raad goedgekeur is;
 - (d) lê die Senaat aanbevelings aan die Raad voor aangaande welke departemente daar in elkeen van die verskillende fakulteite van die Universiteit moet wees;
 - (e) lê die Senaat aanbevelings aan die Raad voor aangaande welke persone, benewens die bekleërs van professorate, medeprofessorate en lektorate inparagraaf 39 bedoel, lede van die verskillende fakulteitsrade van die Universiteit sal wees;
 - (f) lê die Senaat aanbevelings aan die Raad voor aangaande die aanstelling van die dekaan van elke fakulteit vir die tydperk en onderworpe aan die diensvoorwaardes wat die Raad goed ag; en

- (g) kan die Senaat komitees instel wat uit lede van die Senaat of uit sowel lede van die Senaat as ander persone bestaan, en kan hy enige van sy bevoegdhede of funksies opdra aan so 'n komitee of aan enige amptenare van die Universiteit, met dien verstande dat die Senaat nie ontdoen word van 'n bevoegdheid of funksie aldus opgedra nie, en dat, behoudens die bepalinge van paragraaf 30(2)(d) en (e), 'n besluit van so 'n komitee of amptenaar te eniger tyd deur die Senaat gewysig of tersyde gestel kan word.

Samestelling

30. (1) Die Senaat word soos volg saamgestel:

- (a) Die rektor
- (b) Die Rektor se Bestuurspan
- (c) Die Registrateur
- (d) Twee lede van die Raad (behalwe die rektor en die viserektore) wat deur die Raad op die wyse deur paragraaf 23 voorgeskryf verkies word
- (e) Die professore van die Universiteit
- (f) Vyf medeprofessore deur die medeprofessore verkies
- (g) Twee lede uit eie geledere verkies deur die akademiese personeel van die Universiteit wat nie professore of medeprofessore is nie
- (h) Twee lede uit eie geledere deur die administratiewe personeel van die Universiteit verkies
- (i) Twee lede uit eie geledere deur die tegniese personeel van die Universiteit verkies
- (j) Drie lede van die SR
- (k) Een lid van die ABR
- (l) Sodanige bykomende persone wat by besluit van die Senaat, deur die Raad goedgekeur, tot lede van die Senaat verklaar word
- (m) lidmaatskap ingevolge subparagraaf (f) tot (i) is vir 'n termyn van twee jaar en ingevolge subparagraaf (j) en (k) vir een jaar.

- (2) Die Uitvoerende Komitee van die Senaat, bestaande uit die rektor as voorsitter, sy of haar Bestuurspan en die dekane van al die fakulteite, het die volgende spesifieke bevoegdhede:
- (a) Om die Senaat oor beleidsake te adviseer
 - (b) Om die verslae van alle komitees van die Senaat, behalwe dié van die Aanstellingskomitee en die Eregradekomitee, te oorweeg en aanbevelings daarvoor aan die Senaat voor te lê
 - (c) Om finansiële sake te bespreek wat deur die rektor se bestuursmeganismes via die Uitvoerende Komitee van die Senaat verder gevoer kan word
 - (d) Om dringende sake wat nie uitgestel kan word nie, namens die Senaat af te handel, met dien verstande dat besonderhede oor die aldus afgehandelde sake op die eersvolgende vergadering van die Senaat vir sy kennisname voorgelê word
 - (e) Om, waar die Senaat 'n algemene of besondere bevoegdheid aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat verleen om sake namens die Senaat af te handel, sodanige bevoegdheid uit te oefen en op die eersvolgende Senaatsvergadering by wyse van mededeling daarvoor verslag te doen met die oog op die kennisname daarvan deur die Senaat. Die registrateur teken enige besluit aangaande 'n delegasie van bevoegdhede aan en elke verlening daarvan word tweejaarliks deur die Senaat heroorweeg.

Verkiesing van lede van die Raad

- 31.** Die lede van die Raad wat deur die Senaat verkies moet word, word deur middel van geslote stembriewe by 'n gewone vergadering van die Senaat verkies, en hulle beklee hul amp ingevolge paragraaf 18 vir 'n termyn van twee jaar vanaf die eerste dag van die daaropvolgende jaar, met dien verstande dat niemand aldus verkies word nie tensy hy of sy minstens sewe dae voor die datum van die vergadering deur minstens vyf lede van die Senaat per geskrewe nominasie gerig aan die registrateur genomineer is.

Vakatures deur tydsverloop

- 32.** Minstens een maand voor die verstryking van die ampstermyn van 'n lid van die Raad wat deur die Senaat verkies is, stel die sekretaris van die Raad die Senaat daarvan in kennis en verkies die Senaat 'n opvolger op die wyse voorgeskryf in paragraaf 31 om die vakature te vul, met dien verstande dat 'n lid wat weens tydsverloop uittree herkiesbaar is.

Toevallige vakature

- 33.** Indien 'n lid van die Raad wat deur die Senaat verkies is, sy of haar amp neerlê voor die verstryking van sy of haar ampstermyn, verkies die Senaat deur middel van geslote stembriewe op sy volgende gewone vergadering 'n opvolger, wat die amp vir die onverstreke gedeelte van sodanige ampstermyn beklee, met dien verstande dat nominasies ingevolge die voorbehoudsbepaling van paragraaf 31 eers gevra en verkry moet word.

Voorsitter van die Senaat

- 34.** Die rektor is die voorsitter van die Senaat.

Gewone vergaderings

- 35.** Daar moet in elke semester minstens twee gewone vergaderings van die Senaat gehou word op die datums deur die Senaat bepaal.

Buitengewone vergaderings

- 36.** (1) Die voorsitter kan te eniger tyd uit eie beweging 'n buitengewone vergadering van die Senaat belê, en op die skriftelike versoek van minstens een-derde van die lede van die Senaat moet hy of sy so 'n vergadering belê.

- (2) Die doel van die vergadering moet in die versoek gemeld word en geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, word op die vergadering bespreek nie.

Afwesigheid van die voorsitter

- 37.** Indien die voorsitter van die Senaat nie op 'n vergadering van die Senaat aanwesig is nie (en indien 'n waarnemende rektor nie aangestel is nie), tree 'n viserektor as voorsitter op; indien die viserektore afwesig is, kies die aanwesige lede van die Senaat uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

Kworum en prosedure

- 38.** (1) Die bepalings van paragraaf 27 en 28 van hierdie Statuut, met die veranderinge deur die konteks vereis, is van toepassing op vergaderings van die Senaat, met dien verstande dat -
- (a) een-derde van die totale ledetal 'n kworum uitmaak; en
 - (b) minstens vier dae voor die datum wat vir 'n gewone vergadering bepaal is, en minstens twee dae voor die datum van 'n buitengewone vergadering, die sekretaris elke lid skriftelik in kennis stel van die tyd en plek waarop so 'n vergadering gehou word en van alle sake wat aan die vergadering voorgelê word, met dien verstande verder dat, tensy die Senaat anders besluit, die tydperk van kennisgewing van die sake wat aan die vergadering voorgelê sal word, korter kan wees.
- (2) (a) Geen voorstel om enige reël of voorwaarde betreffende die toesig oor en reëling van die onderrig in die verskillende departemente of die voorlesings en klasse van die Universiteit op te stel, te wysig of te herroep, mag sonder behoorlike kennisgewing gedoen word nie tensy sodanige voorstel ingevolge subparagraaf (b) bekragtig word of tensy dit deur minstens driekwart van die lede wat aanwesig is en stem, aangeneem word.

- (b) Om bekragtig te word, moet enige sodanige voorstel op die eersvolgende gewone vergadering deur 'n meerderheid van die lede wat aanwesig is en stem, aangeneem word.
- (3) By verkiesing met geslote stembriewe word die getal stemme van suksesvolle kandidate bekend gemaak en in die notule aangeteken, behalwe in die geval van eregrade.

Fakulteitsrade

- 39.**
- (1) Daar moet komitees van die Senaat wees wat fakulteitsrade genoem word.
 - (2) Elke fakulteitsraad, uitgesonderd die fakulteitsrade Gesondheidswetenskappe en Krygskunde, bestaan uit die professore, medeprofessore, lektore en minstens drie studente in die fakulteit en dié ander persone wat die Raad van tyd tot tyd op aanbeveling van die Senaat benoem.
 - (3) Die Fakulteitsraad Gesondheidswetenskappe bestaan uit die professore, medeprofessore, hoofde van skole, voorsitters en hoofde van departemente en ander formeel goedgekeurde akademiese strukture, senior lektore van die Fakulteit (met inbegrip van diegene soos deur elke fakulteitsreglement vir gesamentlike personeel bepaal) en minstens drie studente en dié ander persone wat die Raad van tyd tot tyd op aanbeveling van die Senaat benoem.
 - (4) Die Fakulteitsraad Krygskunde bestaan uit die dekaan van die Fakulteit, die bevelvoerder van die Militêre Akademie, die akademiese personeel van die Militêre Akademie en minstens drie studente en dié ander persone wat die Raad van tyd tot tyd op aanbeveling van die Senaat benoem.
 - (5) Die dekaan van 'n fakulteit is voorsitter van die betrokke fakulteitsraad, maar indien hy of sy van 'n vergadering van die fakulteitsraad afwesig is, tree die visedekaan of sekondusdekaan, indien een vir die betrokke fakulteit

aangestel is, as voorsitter op, en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir daardie vergadering.

- (6) Studente wat in die fakulteitsraad dien, word deur die betrokke studente verkies ingevolge 'n prosedure en vir 'n termyn soos deur elke fakulteit bepaal.

Pligte van fakulteitsrade

- 40.** (1) 'n Fakulteitsraad doen aanbevelings by die Senaat oor die akademiese programme en eksamens vir sover dit die departemente van die betrokke fakulteit raak en oor dié ander aangeleenthede wat die Senaat van tyd tot tyd na hom verwys, en verwittig die Senaat of die kandidate wat die Universiteitseksamens afgelê het aan die voorwaardes voldoen het wat vir die kwalifikasies in die fakulteit voorgeskryf is.
- (2) Die Senaat skryf nie reëls en voorwaardes rakende akademiese programme of bepalings rakende eksamens voor nie, tensy dit eers aan die betrokke fakulteitsrade voorgelê is.

Vergaderings van fakulteitsrade

- 41.** (1) Tensy daar volgens die oordeel van die voorsitter van die betrokke fakulteitsraad geen dringende sake is wat oorweging verdien nie, word voor elke gewone vergadering van die Senaat 'n vergadering deur elke fakulteitsraad gehou, met dien verstande dat die voorsitter van 'n fakulteitsraad uit eie beweging 'n buitengewone vergadering van die fakulteitsraad kan belê, en op die skriftelike versoek van minstens een-derde van die lede van die fakulteitsraad so 'n vergadering moet belê.
- (2) Die doel van die buitengewone vergadering moet in die versoek gemeld word en geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, word op die vergadering bespreek nie.

Kworum en prosedure

- 42.** Die bepalinge van paragraaf 38 is, met die veranderinge deur die konteks vereis, op vergaderings van 'n fakulteitsraad van toepassing.

HOOFSTUK 6

DIE INSTITUSIONELE FORUM (IF)

Funksies en bevoegdhede

43. (1) Die IF adviseer die Raad oor -
- (a) aangeleenthede in artikel 31(1) van die Wet; en
 - (b) ander aangeleenthede rakende die Universiteit, ten opsigte waarvan die Raad na oorleg met die IF besluite neem.
- (2) Die IF verrig ander werksaamhede soos en op 'n wyse wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.
- (3) Die prosedure van oorlegpleging in subparagraaf (1) hierbo word deur die Raad in oorleg met die IF vasgestel.
- (4) Indien geen konsensus aangaande die prosedure bereik kan word nie, is die prosedure in artikel 5(3), (4) en (5) van die Wet, met die veranderinge deur die konteks vereis, van toepassing.

Samestelling

44. (1) Die IF bestaan uit 32 lede, agt lede uit elk van die volgende groeperinge: beheer- en bestuursektor, personeelsektor, studentesektor en gemeenskapsektor.
- (2) Hierdie verteenwoordiging sien soos volg daar uit:
- (i) *Beheer- en bestuursektor:*
 - (a) Twee lede van die Raad deur die Raad verkies

- (b) Drie lede van die Senaat deur die Senaat verkies
 - (c) Die registrateur of 'n persoon deur hom of haar aangewys
 - (d) Die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie of 'n persoon deur hom of haar aangewys
 - (e) Die Direkteur: Diensbillikheid of 'n persoon deur hom of haar aangewys
- (ii) *Personeelsektor:*
- (a) Drie lede uit eie geledere deur die permanente nie professorale akademiese personeel verkies
 - (b) Twee lede uit eie geledere deur die administratiewe en akademiese ondersteuningspersoneel verkies
 - (c) Een lid verkies uit eie geledere deur die personeel wat kwalifiseer om lid van die werknemersvereniging te wees
 - (d) Twee lede uit eie geledere deur die tegniese ondersteuningspersoneel verkies
- (iii) *Studentesektor:*
- (a) Twee lede van die SR deur die SR verkies
 - (b) Twee lede van die Primkomitee deur die Primkomitee verkies; een vanuit die koshuissektor en een vanuit die PSO-sektor
 - (c) Een lid deur die Verenigingsraad verkies
 - (d) Twee lede van die ABR deur die ABR verkies
 - (e) Een lid uit die Studente-unie, wat verkieslik die vorige termyn as verteenwoordiger van die studentesektor op die IF gedien het en wat deur die SR aangewys word
- (iv) *Gemeenskapsektor:*
- (a) Twee lede van die Konvokasie deur die president van die Konvokasie aangewys
 - (b) Ses persone onderskeidelik aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing, sonder die uitsluiting van enige sektor daarvan, soos van tyd tot tyd deur die IF in samewerking met die Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie geïdentifiseer

Uitvoerende Komitee

- 45.** Die Uitvoerende Komitee, wat jaarliks saamgestel word, bestaan uit -
- (a) die voorsitter, die ondervoorsitter en die sekretaris; en
 - (b) een lid uit elk van die sektore soos in subparagraaf 44 uiteengesit.

Ampstermyn

- 46.** (1) Die ampstermyn van alle lede, uitgesonderd die lede deur studenteliggame verkies, is drie jaar, en lede is herkiesbaar. Om kontinuïteit te verseker, sal nie alle lede in dieselfde jaar verkies of benoem word nie.
- (2) Die ampstermyn van lede deur studenteliggame verkies, is een jaar.

Voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris

- 47.** Die voorsitter, die ondervoorsitter en die sekretaris word jaarliks uit eie geledere deur die lede van die IF verkies.

HOOFSTUK 7

DIE STUDENTERAAD

Funksies en bevoegdhede

- 48.** (1) Die SR is onderhewig aan die gesag van die Raad.
- (2) Die SR verteenwoordig die belange van die studentegemeenskap by -
- (a) die Raad;
 - (b) ander institusionele strukture van die Universiteit; en
 - (c) nasionale en internasionale studenteliggame.
- (3) As verteenwoordigende liggaam neem die SR besluite ten opsigte van -
- (a) die belange van die studentegemeenskap; en
 - (b) die administratiewe werksaamhede wat nodig is om hierdie belange te dien.

Samestelling en verkiesing

- 49.** Die ledetal, samestelling en wyse van verkiesing van die SR word in die Studente-unie Grondwet uiteengesit.

Ampstermyn

- 50.** (1) Daar word jaarliks 'n studenteraadsverkiesing gereël en lede dien vir die tydperk vanaf die konstituering van die SR vir 'n jaar tot die konstituering van 'n nuwe SR die volgende jaar.
- (2) 'n Lid van die SR kan meerdere termyne dien.

Voorregte

- 51.** Voorregte verbonde aan lidmaatskap van die SR word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

HOOFSTUK 8

DIE KONVOKASIE

Die Konvokasie van die Universiteit

52. Die Konvokasie van die Universiteit bestaan uit –

- (1) al die persone, behalwe die persone in paragraaf (2) vermeld, wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut lede van die Konvokasie van die Universiteit was;
- (2) die rektor, die viserektore en die lede van die voltydse akademiese personeel van die Universiteit;
- (3) die gewese lede van die voltydse akademiese personeel van die Universiteit wat weens die bereiking van die aftree-ouderdom die diens van die Universiteit verlaat het; en
- (4) al die persone wat ná genoemde inwerkingtreding gegradueerdes van die Universiteit word of 'n kwalifikasie deur die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer aan die universiteit verwerf.

Ledelys van die Konvokasie

- 53.**
- (1) Die registrateur hou die ledelys van die Konvokasie by, en dit is die plig van elke lid om sy of haar naam en adres by die registrateur te registreer en om hom of haar van tyd tot tyd van enige adresverandering in kennis te stel.
 - (2) Die ledelys is afdoende bewys daarvan dat iemand wie se naam ten tyde van sy of haar aanspraak om as lid van die Konvokasie te stem op die ledelys voorkom, geregtig is om aldus te stem, en dat iemand wie se naam nie daarop voorkom nie, nie aldus geregtig is nie.
 - (3) Indien die registrateur van die bedanking van 'n lid in kennis gestel word, moet hy of sy so gou doenlik die naam van daardie lid van die ledelys skrap.
 - (4) Indien 'n persoon wat as lid van die Konvokasie bedank het weer as lid van die Konvokasie toegelaat wil word, moet hy of sy skriftelik by die registrateur

aansoek doen, wat die aangeleentheid aan die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie vir beslissing moet voorlê.

Verkiesing, ampstermyn en funksies van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie

- 54.**(1) Die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie, bestaande uit die president, die vise-president, die sekretaris en twee verdere lede van die Konvokasie, wat deur die Konvokasie uit eie geledere verkies word, beklee hul amp vir 'n termyn van drie jaar, of tot die volgende vergadering van die Konvokasie indien daar voor die einde van die bedoelde termyn geen vergadering van die Konvokasie gehou is nie, met dien verstande dat die termyn van lede aangepas kan word om oorvleueling van ou en nuwe lede te bewerkstellig.
- (2) In geval van dood of bedanking van die president of die vise-president, word 'n opvolger op die volgende gewone vergadering van die Konvokasie verkies.
- (3) In geval van dood of bedanking van die president, neem die vise-president waar as president totdat 'n volgende president ingevolge subparagraaf (2) verkies is.
- (4) Onderworpe aan paragraaf 56(2) is die funksie van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie om alle sake tussen jaarvergaderings te hanteer.

Voorsitter op vergaderings

- 55.** Die president of, indien hy of sy afwesig is, die visepresident, tree by alle vergaderings van die Konvokasie as voorsitter op, en indien albei afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

Vergaderings

- 56.** (1) Die jaarvergadering van die Konvokasie op Stellenbosch word deur die president belê.
- (2) 'n Buitengewone vergadering van die Konvokasie moet deur die president of, indien hy of sy in gebreke bly, deur die visepresident, belê word op 'n skriftelike versoek wat deur minstens 100 lede onderteken is en wat in die vorm van spesifieke voorstelle die onderwerpe vermeld wat op die vergadering bespreek moet word.
- (3) By geleentheid kan 'n vergadering ook elders deur die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie belê word.

Kennisgewings van vergaderings

- 57.** Kennisgewing van elke vergadering van die Konvokasie, met vermelding van die sake wat in die vergadering bespreek sal word, moet minstens vier weke voor die datum van die vergadering per e-pos aan lede van die Konvokasie gestuur word en ook in die media verskyn waarop die president, of indien hy of sy in gebreke bly, die visepresident, besluit.

Kworum en prosedure

- 58.** Met die uitsondering van subparagraaf (2), (3) en (6) daarvan is paragraaf 28 van hierdie Statuut, met die veranderinge deur die konteks vereis, op vergaderings van die Konvokasie van toepassing, met dien verstande dat -
- (a) honderd lede 'n kworum uitmaak vir vergaderings;

- (b) elke jaarvergadering nadat dit gekonstitueer is, begin met die oorweging en die bekragtiging deur die voorsitter se handtekening van die notule van die laaste voorafgaande vergadering;
- (c) die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie kan toelaat dat enige aangeleentheid waarvan 72 uur voor die vergadering skriftelik by die sekretaris kennis gegee is, en deur minstens 10 lede van die Konvokasie onderteken is, bespreek word; en
- (d) enige mosie wat uit die bespreking voortvloei tydens die vergadering skriftelik by die president van die Konvokasie ingegee moet word en wie moet oordeel of dit ter tafel geneem word al dan nie.

Verkiesing deur die Konvokasie

- 59.**
- (1) Wanneer die Konvokasie een of meer lede van die Raad moet verkies, versoek die registrateur minstens ses weke voor die aanvang van die stemming nominasies van lede van die Konvokasie by wyse van e-pos, en kennisgewings waarin nominasies gevra word in die media waarop die president of, indien hy of sy in gebreke bly, die vise-president, besluit.
 - (2) Alle nominasies moet skriftelik wees en moet minstens vier weke voor die aanvang van die stemming by die registrateur ingelewer word.
 - (3) Elke nominasie moet deur minstens vyf lede van die Konvokasie onderteken wees en moet die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde onder sy of haar handtekening bevat.
 - (4) Indien die getal genomineerde persone nie meer is nie as die getal wat vir die amp gekies moet word, verklaar die registrateur dié betrokke persoon of persone onverwyld as behoorlik gekies.

- (5) Indien die getal genomineerde persone meer is as die getal wat gekies moet word, word 'n verkiesing gehou.
- (6) Die registrateur stel minstens 14 dae voor die aanvang van die stemming lede van die kieskollege van die Konvokasie skriftelik per pos of per e-pos daarvan in kennis en stuur saam met die kennisgewing 'n stembrief wat die name van die kandidate in alfabetiese volgorde aangee en plaas na goeddunke 'n kennisgewing in die media, en publiseer saam met die kennisgewing 'n gedrukte stembrief wat die name van al die kandidate in alfabetiese volgorde aangee. Die registrateur moet ook ander elektroniese media sover moontlik tydens die verkiesingsproses aanwend.
- (7) Stembriewe kan ook op aanvraag van die registrateur verkry word.
- (8) Niemand mag by 'n verkiesing op meer as een stembrief stem nie, en die stembrief moet sodanig ontwerp word dat gekontroleer kan word dat slegs stemgeregtigdes aan die stemming deelneem.
- (9) Alle stembriewe moet aan die registrateur teruggestuur word sodat dit hom of haar ten minste die dag voor die verkiesingsdag bereik.
- (10) By alle verkiesings tree die registrateur as kiesbeampte op en word hy of sy deur een of meer stemopnemers bygestaan wat deur die president van die Konvokasie of, indien hy of sy in gebreke bly, deur die visepresident, aangestel word.

Voorlegging van besluite of aanbevelings aan die Raad en die Senaat

- 60.** 'n Afskrif van alle besluite of aanbevelings van die Konvokasie, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris gesertifiseer, word deur die registrateur aan 'n vergadering van die Raad en van die Senaat voorgelê.

HOOFSTUK 9

EREGRADE

Voorstelle vir toekenning van eregrade

- 61.** Die toekenning van 'n eregraad moet deur minstens tien persone wat lede van die Raad of Senaat is, skriftelik voorgestel en gemotiveer word, en moet by die registrateur ingelewer word.

Stemming oor eregrade

- 62.** Stemming oor die toekenning van 'n eregraad geskied sonder voorafgaande bespreking deur middel van geslote stembriewe en geen besluit om so 'n graad aan iemand toe te ken, word deur die Raad of die Senaat, na gelang van die geval, aangeneem sonder dat 'n meerderheid lede van die betrokke liggaam wat aanwesig is en stem ten gunste daarvan stem nie.

Prosedure

- 63.** Behoudens paragraaf 62 word die prosedure wat die Raad of die Senaat, na gelang van die geval, moet volg by die oorweging van voorstelle vir die toekenning van eregrade deur die betrokke liggaam bepaal.

HOOFSTUK 10

VEREISTES VIR EN TOEKENNING VAN GRADE

Erkenning van bywoning en eksamens in ander fakulteite

- 64.** In die geval van 'n student wat 'n gegradueerde in enige fakulteit van die Universiteit is of van 'n ander universiteit wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, kan die Senaat tydperke van bywoning en eksamens waarin geslaag is in enige vak aanvaar as vrystelling van bywoning en eksaminering in daardie vak soos vir 'n graad in enige fakulteit voorgeskryf word.

Kongregasies vir toekenning van grade

- 65.** Vir die doeleindes van die toekenning van grade word 'n vergadering van die lede van die Universiteit gehou, wat 'n kongregasie genoem word.

Voorsitter van die kongregasie

- 66.** Elke kongregasie vergader onder die voorsitterskap van die kanselier, of in sy of haar afwesigheid, onder die voorsitterskap van die rektor of een van die viserektore.

Datum en plek van kongregasie

- 67.** (1) 'n Kongregasie van die Universiteit word minstens een keer per jaar op Stellenbosch gehou op 'n datum deur die Raad bepaal.
- (2) Indien die Uitvoerende Komitee dit nodig en gewens ag, kan 'n kongregasie van die Universiteit ook op 'n ander plek as Stellenbosch gehou word.

Toekenning van grade

- 68.** (1) Geen graad, uitgesonderd 'n eregraad, word aan iemand toegeken nie, tensy die registrateur sertifiseer dat sodanige persoon voldoen het aan al die vereistes wat vir die betrokke graad gestel word.
- (2) Niemand is geregtig op enige van die voorregte verbonde aan 'n graad alvorens die graad aan hom of haar op 'n kongregasie toegeken is nie.

HOOFSTUK 11

STUDENTEDISSIPLINE

Oortredings en strawwe

69. (1) Die Raad kan 'n student wat 'n Reël wat die Raad gemaak het, oortree of wat hom of haar binne of buite die geboue of op of buite die terrein van die Universiteit gedra op 'n wyse wat die goeie naam van die Universiteit of die handhawing van orde en dissipline aan die Universiteit of die behoorlike voortsetting van die werk van die Universiteit benadeel of kan benadeel, die regte en voorregte wat hy of sy as student van die Universiteit geniet, ontnem, of hom of haar tydelik of permanent verdere toelating as student van die Universiteit ontsê of sy of haar verdere toelating afhanklik maak van die betaling van 'n geldboete wat nie 'n maksimumbedrag wat die Raad van tyd tot tyd na oorleg met die Senaat en die SR bepaal, oorskry nie, of hom of haar enige ander straf oplê waarvoor in die Reëls voorsiening gemaak word, met dien verstande dat geen sodanige tugmaatreëls teen 'n student in werking gestel word nie alvorens hy of sy die geleentheid gehad het om redes aan te voer waarom sodanige tugmaatreël nie teen hom of haar in werking gestel behoort te word nie.
- (2) Tugmaatreëls en dissiplinêre prosedures word deur die Raad, na oorleg met die Senaat en die SR, bepaal en in die Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit van Stellenbosch vervat.
- (3) Indien die Raad 'n student die regte en voorregte wat hy of sy as student geniet tydelik of permanent ontnem, of hom of haar tydelik of permanent verdere toelating as student ontsê, verbeur die betrokke student alle aanspraak op terugbetaling, vermindering of kwytskelding van gelde wat aan die Universiteit betaal is of betaalbaar is.

HOOFSTUK 12

ALGEMEEN

Setel van die Universiteit

- 70.** Die setel van die Universiteit is Stellenbosch, in die Wes-Kaapprovinsie, met dien verstande dat die Universiteit sy universitêre aktiwiteite met die goedkeuring van die Minister ook buite sy setel mag uitoefen, met dien verstande voorts dat indien onderrig in 'n bepaalde vakrigting gegee word binne die setel van 'n ander universiteit of op 'n plek waar die universitêre aktiwiteite van 'n ander universiteit ingevolge die Wet, of enige ander toepaslike wetgewing of met die goedkeuring van die Minister uitgeoefen word, sodanige onderrig met die goedkeuring van daardie ander universiteit en die Minister, gegee word.

Herroeping van die vorige Statuut

- 71.** Die Statuut wat op die Universiteit van toepassing is, soos by Goewermenskennisgewing No. 489 van 8 April 2004 gepubliseer word hierdeur herroep.

Interpretasie van die Statuut

- 72.** Ingeval van 'n teenstrydige interpretasie tussen die Afrikaanse en Engelse teks van hierdie Statuut, sal die Afrikaanse teks voorkeur geniet.

Wysiging van die Statuut

- 73.** (1) Geen voorstel vir die wysiging van hierdie Statuut word deur die Raad sonder behoorlike kennisgewing oorweeg nie, tensy sodanige voorstel ingevolge subparagraaf (2) bekragtig word of dit deur minstens driekwart van die lede wat aanwesig is en stem, aangeneem word.

- (2) Om bekragtig te word, moet enige sodanige voorstel op die eersvolgende gewone vergadering van die Raad deur 'n meerderheid lede wat aanwesig is en stem, aangeneem word.
- (3) Enige voorstel vir die wysiging van die Statuut moet voldoen aan die bepalings van artikel 32(2) van die Wet.

Oorgangsbepalings

- 74.**
- (1) Persone wat 'n amp beklee ingevolge die Statuut wat bestaan het voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut, sal geag word om hul amp te beklee kragtens die ooreenstemmende bepalings van hierdie statuut, tensy dit in botsing is met die Wet of hierdie Statuut.
 - (2) Behoudens die bepalings van subparagraaf (3) raak die inwerkingtreding van hierdie Statuut nie die lidmaatskap van dienende raadslede nie en word hulle geag sitting te hê op die Raad ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Statuut, met dien verstande dat lede aangewys ingevolge paragraaf 12(1)(m) en (n) van die vorige Statuut geag word om ingevolge par 12(1)(m) van hierdie Statuut op die Raad te dien.
 - (3) Die Raad beskik oor die bevoegdheid om, as 'n oorgangsmatreël, reëlings te tref ten einde die bepalings van hierdie Statuut te implementeer.
 - (4) Reëls wat van krag was voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut sal van krag bly totdat dit vervang word.
 - (5) Enige handeling, insluitende 'n delegasie van magte en funksies aan funksionaris, komitee of liggaam wat uitgevoer is kragtens die Statuut wat bestaan het voor die inwerkingtreding van hierdie Statuut, sal geag word om verrig te gewees het kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Statuut.
-

